Van Wyk Louw in ligter luim

Die meeste skrywers oor die werk van Van Wyk Louw was baie jare lank geboei deur wat ‘n mens sou kon noem “die groot gebaar” van sy oeuvre. Dié gefrikseerdheid het tot gevolg gehad dat “die klein gebare” daarvan óf nie raakgesien is óf nie as die moeite werd beskou is om ernstige studieaandag daaraan te bestee nie. Studies oor dié aspek van sy werk het egter in die loop van die tyd die soeklig ook daarop laat val, veral na die verskyning van die bundel *Nuwe verse*. Hierdie artikel lê in die verlengde daarvan. Daar word gekyk na die maniere waarop die kleiner gebare met die grotes geharmonieer word. ‘n Belangrike strategie wat hiervoor benut is, kan getipeer word as meerkantige funksionaliteit. Dit blyk daarvolgens dat daar dikwels veel meer fasette in ‘n gebruikte middel ingeslyp is as waarna dit aanvanklik gelyk het. Dis ‘n strategie wat dikwels ‘n spel-inslag vertoon, maar dan ‘n spel wat ‘n breë spektrum behels, tot aan sardoniese en selfs makabere spel. Die ondersoek het ingegaan op ‘n hele aantal gevalle in dié kategorie. Dit sluit verteenwoordigende monsters in uit die outeur se beskoulike prosa, sy dramatiek en sy poësie, veral laasgenoemde.

Tydskrif vir Letterkunde Vol. 43(1) 2006: 26-41